

**NOTULE VAN APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINS VERENIGING SE
ALGEMENE JAAR VERGADERING GEHOU OP 21 JULIE 2007 TE HOEWE 5 WATERVAL.**

1. OPENING

Meneer Jan-Piet Cooks open met gebed.

2. PRESENSIELYS

Sirkuleer.

3. LIEF EN LEED

Oom At van Niekerk is oorlede.

4. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE

Geen

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

Geen

6. NUWE SAKE

6.1 Toerusting

6.1.1 Toerusting en gebruik daarvan

Daar is 1 voertuig beskikbaar en 6 brandkarretjies met slaners en kanne brandstof vir die karretjies.

Slegs ingeskreve lede mag die toerusting gebruik. Dit word ook op eie risiko gebruik. Lede sal ontvangs erkenning teken vir toerusting en dit moet oordeelkundig gebruik word.

Inspeksies voor en na die gebruik van toerusting moet gedoen word en skriftelike rekord moet gehou word.

6.1.2 Voorraad

Dit is verbruikers items soos noodhulp toerusting (verband ens). Soos die lede tal groei en daar meer lede gelde betaal word sal daar toerusting aangekoop word. Die mikpunt is om op elke brandkarretjie 'n noodhulpsak te plaas vir noodgevalle.

Meneer Cooks vra dat die lede wat nog toerusting soos brandblussers ens het van die voormalige nood en ramp bestuur dit sal inhändig om gediens te word.

6.2 Kommunikasie

6.2.1 ICASA

Meneer Cooks meld dat daar reeds vergaderings met ICASA gehou is en dat die netwerk van die ou nood en rampbestuur deur die BBV oorgeneem is. Die BBV is in proses om te registreer by ICASA en n oorhoofse lisensie te bekom. Die ingeskreve lede van die BBV kan dan deur die organisasie aansoek doen vir n lisensie. ICASA het ook die uitstaande lisensie gelde van die voormalige nood en ramp bestuur afgeskryf.

6.2.2 Roepseine

Aangesien die BBV 'n nuwe organisasie is met 'n nuwe bestuur is daar besluit om die bestuur se roepseine te verander en om verwarring te voorkom en terwille van die ouer mense in die organisasie is daar besluit om die lede se roepseine as Oscar stasies te behou. Slegs ingeskreve lede sal voortaan geroep word.

6.2.3 Bekendmaking van inligting en berigte

Daar is n tendens dat mense nie die gemeenskap wil ontstel nie maar dit is belangrik dat die gemeenskap moet weet wat om hulle aangaan. Meneer Cooks versoek die lede om op die radio inligting te verstrek van brande, inbrake, voertuig diefstalle ens. Dit sal help om die ander lede meer paraat te maak.

6.2.4 Gebruik van radio

Die lede moet vry voel om die radio te gebruik. Daar moet egter gewaak word teen n gekuiery. Kanaal 2 moet gebruik word om die nodige persoon te roep en dan moet die gesprek verder om kanaal 4 gevoer word. Die bestuur is tans besig om die amptelike radios in te trek om gediens te word en dit sal weer herversprei word. Daar sal ook gepoog word om die 29MHz netwerk aan die gang te kry.

6.3 Struktuur

6.4 Lidmaatskap

6.5 Brande

6.6 Finansies

6.7 Admin

6.8 Bestuur

7. VOLGENDE VERGADERING

Sal bepaal word en lede sal in kennis gestel word.

8. AFSLUITING

Jan-Piet sluit die vergadering af.